

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] JESAJA 9, 10, 11 en 40

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jesaja 9, 10, 11 en 40). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (15) ROMEINE 10:17

Repeteer twee aan twee.

(15) Romeine 10:17. Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor is die verkondiging van Christus.

4 ONDERRIG (85 minute) [DE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE RYK DWAAS EN DIE RYK MAN EN DIE BEDELAAR LASARUS

**“Die gelykenis van die ryk dwaas” in Lukas 12:13-21
en “die gelykenis van die ryk man en die bedelaar Lasarus” in Lukas 16: 19-31 is gelykenisse oor
AARDSE BESITTINGS IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“n Gelykenis” is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n lewensgetroue verhaal of 'n illustrasie wat ontwerp is om 'n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

A. DIE GELYKENIS VAN DIE RYK DWAAS

Lees Lukas 12:13-21.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Besprek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

'n Ryk man. 'n Ryk man se grond het goed gedra. Die Bybel veroordeel nie 'n mens wat suksesvol of ryk is nie. Job, Abraham, Salomo en Josef van Arimatea was almal ryk manne. Die teks gee nie die indruk dat hierdie man deur middel van oneerlikheid of deur te dobbel (bv. in loterye) ryk geword het nie. Veel eerder dat God hom geseën het in die werk van sy hande.

Materialisme. Wat verkeerd gegaan het met hierdie man was nie dat hy ryk was nie, maar dat hy materialisties ingestel was! Hy het nie besef dat sy liggaam sterflik was nie en dat hy nie vir 'n baie groot aantal jare sou lewe nie. Hy het ook geen rekening gehou met die feit dat sy rykdom sy siel nie kon versadig nie! Terwyl sy liggaam so baie besit het, het sy siel niks besit nie!

Selfsug. Hierdie man het alleen aan homself gedink en nie aan ander mense nie. Hy het planne gemaak waarin alleen plek was vir “ek” en “my besittings”. Hy het nie aan soveel mense in die wêreld gedink wat arm is en selfs honger gehad het nie. Hy het nie oorweeg om ander mense met sy rykdom te help nie.

Ateïs. Hy het nie God vir sy sukses en rykdom gedank en verheerlik nie. Hy het homself gedra soos 'n ateïs. Koning Dawid het gesê, “Ek wil die HERE loof en nie een van sy weldade vergeet nie” (Psalm 103:2)! Maar hierdie man het gesê, “Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en al my goed opgaan. Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie goed wat weggesit vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker’” (Lukas 12:18-19)! Hy het nie daaraan gedink dat al hierdie weldade uit God se genade aan hom geskenk is nie. Jakobus 1:17 sê, “Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie verander of verduister nie.”

Onverwagte dood. Op dieselfde oomblik het God teen hom gesê, “Jou dwaas! Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?” Hoe God met hom gepraat het, word nie gesê nie. Dit kon direk gewees het deur 'n hoorbare stem van die Heilige Gees in sy hart, deur sy gewete of deur 'n profeet. Belangrik is dat God hom “'n dwaas” noem, omdat hy gedink het dat hy aan God geen behoefte gehad het nie.

Hy was die kaptein van sy eie lewe en die baas van sy eie bestemming. Toe sterf hy, nie pas na baie jare van 'n gelukkig lewe met al sy besittings nie, maar dieselfde dag nog! Hy was 'n dwaas omdat hy geen rekening gehou het met die feit dat hy sterflik was en geen beheer oor sy sterfdag en uiteindelijke bestemming gehad het nie. Hy het nie gedink aan die woorde van die profeet Jesaja, “Iemand sê: Roep! En ek vra: Wat sal ek roep? Alle mense is soos gras, alles waarop hulle staatmaak, is soos 'n veldblom: die gras verdor en blomme verwelk, as die Here sy wind daaroor laat waai..... Maar die woord van ons God bly vir ewig” (Jesaja 40:6-8)!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staat in Lukas 12:4-7,13-15.

Jou besorg maak oor jou liggaamlike dood. Jesus het die skare gewaarsku om geen sorg te maak oor hulle sterfdag nie. Hy het gesê, “Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak en daarna niks verder kan doen nie. Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees: vir Hom wat mag het om, ná die dood, in die hel te werp. Ja, Ek sê vir julle, Hom moet julle vrees (Lukas 12:4-5)!” Jesus het sy dissipels bemoedig met betrekking tot die liggaamlike dood. Die ergste wat vyande teen Christene kan doen, is om hul liggame dood te maak. Maar hul siele (geeste) kan hulle nooit doodmaak nie! Hul mag om kwaad te doen teen Christene word beperk tot hul tydelike liggaamlike lewe hier op hierdie aarde. Meer mag as dit hulle nie! Maar Jesus Christus waarsku mense teen die ewige dood! Die mag om die liggaam van 'n mens tydelik dood te maak kan nie vergelyk word met die mag om die siel (gees) van die mens in die ewige hel te gooi nie!

Jou sorg maak oor geld. Iemand uit die menigte mense het Jesus gevra om op te tree in 'n geskil met betrekking tot 'n erfenis. In die Ou Testament word presies gereël hoe 'n erfenis verdeel moes word (Deuteronomium 21:15-17, Numeri 27:8-11 en Numeri 36). Dit is moontlik dat in hierdie geval die ouer broer nie 'n derde van die erfenis aan sy jonger broer wou gee nie. Hoe dit ook al sy, daar is skynbaar onreg op die spel. Omdat die Joodse wetgeleerde soms in dergelyke sake 'n uitspraak maak, word Jesus gevra om in hierdie saak ook 'n uitspraak te maak.

Maar Jesus weier, omdat Hy nie Homself wou bemoei met sake wat die owerheid moes uitvoer nie en omdat Hy die soek en red van verlore mense belangrijker vind. Jesus het geweet dat die beheptheid met besittings sy wortel in die hebsug het. Daarom vertel Hy die gelykenis van die ryk dwaas aan 'n hele menigte wat daarna luister.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 12:16-20.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 12:20-21, deels in die verhaal en deels in die laatste waarskuwing van Jesus.

Jesus het gesê dat alleen 'n dwaas dink dat hy in beheer is van die einde van sy eie lewe en sy finale bestemming! Die lewe is iets wat selfs die rykste mense geen beheer oor het nie! Jesus waarsku dat 'n mens wat begaan is oor materiële rykdom en daardeur geestelike armoede ly, 'n dwaas in die oë van Jesus Christus is. Hy sou soos die dwaas in hierdie gelykenis sterf! Die fundamentele fout van hierdie dwaas was dat hy gedink het dat hy sy lewe kon bou op grond van sy aardse besittings!

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Jesus het alleen aan “die ryk man” ’n spesifieke betekenis gegee. Hy verteenwoordig elk dwaas op die aarde wat rykdom vir homself byeenbring, maar ondertussen arm ten aansien van die God van die Bybel bly.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. ’n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

De gelykenis van die ryk dwaas in Lukas 12:13-21 gaan oor “aardse besittings in die koninkryk van God.”

De belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Mense moet nie net vir hulself lewe nie, maar moet in elke opsig rekening hou met die God van die Bybel, veral met betrekking tot die tydelike besittings op die aarde en die ewige lewe.”

Afhanklikheid van God in jou daaglikse lewe op die aarde is een van die grondliggende kenmerke van God se Koninkryk. Die ware burgers in God se Koninkryk bou hul lewe nie op die basis van hul aardse besittings nie, maar in volledige afhanklikheid van God.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

(1) Hoe kyk die Bybel na materiële welvaart?

Nêrens in die Bybel veroordeel God materiële rykdom nie.

- “Abraham was baie ryk, aan vee, aan silwer en aan goud” (Genesis 13:2).
- God het aan koning Salomo baie wysheid, rykdom en eer gegee (1 Koningen 3:10-13).
- Job het soveel besittings gehad dat hy in die hele Midde Ooste bekend gestaan het as die mees aansienlike man (Job 1:3; 42:12).
- Josef van Arimatea was ’n dissipel van Jesus Christus en ook ’n ryk man (Matteus 27:57).
- God beveel ryk mense in hierdie wereld om nie hoogmoedig te wees nie en hul hoop nie op die onsekere rykdom te vestig nie. Hulle moet hul verwagting op die lewende God vestig wat ons alle dinge in ryk mate verskaf om daarvan te geniet. God beveel ryk mense om goed te doen, ryk te wees in goeie werke, vrygewig te wees en bereid om saam te deel. Op hierdie wyse “versamel hulle vir hulself ’n skat as ’n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe (op die nuwe aarde) sal verkry” (1 Timoteus 6:17-19; sien Matteus 6:19-21)!

(2) Wat is bepaalde valkuile vir rykdom?

- Rykdom kan ’n mens hoogmoedig maak en veroorsaak dat ’n mens God gaan vergeet (Deuteronomium 8:11-14).
- Rykdom kan die oorsaak wees dat ’n mens sy vertroue op materiële dinge plaas en ontrou aan God word (Job 31:24-28).
- Rykdom kan ’n mens ontevrede maak met wat hy alreeds besit, sodat hy sy hele lewe alleen maar gaan gee om sy materiële besittings te vermeerder (Prediker 5:10-11).
- Rykdom kan ’n mens verhinder om God se koninkryk binne te gaan (Markus 10:21-26).
- Rykdom kan ’n mens arrogant maak, sodat hy ander gaan dreig, onderdruk en met onreg behandel. Rykdom kan ’n mens selfsugtig of vrekkerig maak (Psalm 73:2-12; Jakobus 5:1-6).

(3) Hoe vergelyk wat hierdie Bybelgedeeltes leer met wat hierdie gelykenis leer?

- Psalm 37:4-6. Vind jou vreugde in die Here en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; hy sal sorg. Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van middag.
- Spreuke 16:2-3. God sal die planne van wie sy werke aan die HERE toevertrou, bevestig.
- Matteus 6:33. God sal alle dinge wat regtig nodig vir die lewe is, gee aan wie bo alles God se koninkryk en geregtigheid soek.
- 1 Korintiërs 10:31. “Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God”.

- Kolossense 3:23-24. “Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het”! Hierdie beloning bestaan uit die nuwe hemel en die nuwe aarde!

(4) Hoe vergelyk wat Matteus 6:19-24 leer met wat hierdie gelykenis leer?

Wie God dien, versamel skatte vir homself in die hemel. Die volk van God (die Christene) moet hulle besig hou om skatte te versamel in die hemel.

Die skatte op die aarde vergaan almal deur mot of roes. “Mot en roes” verteenwoordig alles op die aarde wat maak dat jou besittings minder waarde kry en uiteindelik hul waarde (bestaansrede) verloor. Brood word droog en verkummel (Josua 9:5), klere verslyt (Psalm 102:27), landbou akkers groei vol onkruid en bossies (Spreuke 24:31), klipmure en hekke val om (Spreuke 24:31), dakke sak inmekaar en huise begin lek (Predikers 10:18) en silwer en goud verloor hun glans en hul waarde (1 Petrus 1:7,18). So veroorsaak ’n tifoon, ’n aardbewing, ’n vloed (tsunami), plantsiektes, termiete, gronderosie, menslike foute en ongelukke, ens. vernieling van aardse besittings. Diewe breek deur die grondmure van huise en steel. Inflasie, onderdrukkende belastings, onteiening, bankrotte banke, die ineenstorting van die aandelemarkt, uitgawes by langdurige siekte en operasies en nog baie meer aardse rampe laat rykdom soos mis voor die son verdwyn. Ook die menslike liggaam, selfs van die sterkste en fiksste mense, kwyn geleidelik weg (Psalm 32:3; 39:4-7; 90:10; 103:14-16). Wanneer ’n mens sterf, kan hy niks van wat hy in sy lewe byeengebring het met hom saamneem nie.

Maar die skatte in die hemel kan nie hul waarde verloor nie, kan nie vergaan nie en kan nie gesteel word nie! Hierdie skatte is al die seëninge in God se koninkryk soos: die goedertierenheid (liefde) van die HERE wat vir ewig duur (Psalm 138:8); die lewe saam met God wat nooit eindig nie (Johannes 3:16); ’n bron van lewendige water wat vanuit ’n Christen opborrel en hom vir altyd versadig (Johannes 4:14); ’n geskenk wat nooit verlore gaan nie (Johannes 6:37-39); ’n sterk en beskermende hand waaruit niemand en niks ’n Christen kan ruk nie (Johannes 10:28); ’n ketting van God se soewereine handelinge wat nie verbreek kan word nie (Romeine 8:28-30); ’n liefde waarvan God se uitverkorenes nooit geskei sal word nie (Romeine 8:37-39); ’n roeping wat nooit herroep sal word nie (Romeine 11:29); ’n fondament wat altyd vas staan (2 Timoteus 2:19); ’n koninkryk wat nooit kan wankel nie (Hebreërs 12:28; Daniël 2:44); en ’n erfenis wat nooit verwelk of vergaan nie (1 Petrus 1:4-5).

“Die oog is die lamp van die liggaam”. Netsoos die liggaamlike oog van die mens hom in kontak bring met die aardse werklikheid, so bring sy geestelike oog hom in kontak met die hemelse Vader en lei hom in geestelike en morele sake. Maar die sterk verlange na aardse besittings kan ’n mens blind maak vir geestelike en morele sake. Deur sy doel op die aarde te mis, naamlik God met sy lewe en sy besittings te verheerlik, sal die mens uiteindelik alles moet mis!

6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Besprek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Onafhanklikheid van God.

Mense van vandag spaar geld vir hul oudag en dra by tot hul pensioen. Hulle het lewensversekeringe en versekeringe vir ongeveer alles denkbaar. Maar niemand kan ’n lewensversekering op die lewe self uitneem nie! Daar is geen versekering vir ’n voldoende inkomste, vir kompleete gesondheid, ens. omdat siektes, rampe en die dood enige moment kan toeslaan, die ekonomie enige moment kan instort en die land op ’n volkome onverwagte oomblik in ’n oorlog gedompel kan word. Die lewe op aarde kan enige moment eindig! Genot van aardse besittings kan om verskillende redes plotseling tot ’n einde kom. Dit is uiters dwaas om te dink dat jy alles gedoen het om te verseker dat die lewe hier op die aarde en die toekoms voortgaan, as jy nalaat om jou voor te berei op die toekomstige ewigheid na die liggaamlike dood! Elkeen wat God uit sy lewe op die aarde uitsluit, is ’n dwaas (Psalm 14:1-3)!

(2) Hebsug.

Hebsug lei tot onafhanklikheid van God. Hierdie Bybelgedeelte sê nie dat hierdie man oneerlik, korrup of ’n dief was nie. Ons moet aflei dat hy sy rykdom op ’n eerlike wyse verdien het. Maar sy val was dat *hy die verkeerde geestelike houding gehad het: hy het sy lewe buite God om beplan!* Hy het geen dankbaarheid aan God vir sy rykdom getoon nie, maar het alleen sy eie harde werk geprys (1 Korintiërs 4:7). Hy was ontevrede, omdat hy altyd nog meer rykdom wou besit (Filippense 4:11-12). Hy het niks met ander gedeel nie, maar het net vir sy eie plesier geleef (1 Korintiërs 15:32). Hy het geen vertroue op God gestel nie, omdat hy hom steeds bekommer het oor sy besittings (Matteus 6:31-34). Hy het nie aan die verganklikheid van die lewe op hierdie aarde gedink nie en ook nie aan die ewigheid van sy siel nie. As die lewe op die aarde ophou by die liggaamlike dood, waarvoor bekommer jy jou dan nog op die aarde (Matteus 16:26)? Hy het agter tydelike en verganklike sake aangejaag, maar het verontagsaam om te soek wat ewig en onverganklik is (2 Korintiërs 5:7). Samenvattend: hy het onverskillig geleef! Sy menslike verlangens is deur God afgewys, omdat hulle aan die top van sy waardesisteem was. Vir hierdie ryk dwaas was om ’n wins te maak belangriker as waarheid, geregtigheid en barmhartigheid.

(3) Verslaaf wees aan geld.

Rykdom het die vermoë om sterker te word as diegene wat dit besit, sodat die besitter uiteindelik die slaaf word van sy eie rykdom. Sy rykdom maak dat hy sy geestelike en morele vryheid kwyt raak en 'n slaaf van materialisme word.

B. DIE GELYKENIS VAN DIE RYK MAN EN DIE BEDELAAR LASARUS

Lees Lukas 16:19-31.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die lewe van die ryk man met 'n bedelaar voor sy deur kom maar al te veel in hierdie lewe voor. Die beskrywing van hul lewe na die liggaamlike dood is *figuurlik*.

Die ryk man en die bedelaar vóór hul liggaamlike dood. Hierdie man was baie ryk, omdat hy hom kon veroorloof om in purper en fyn linne geklee te wees. Die purper kleurstof is uit skulp- en skaaldiere geproduseer en was 'n baie duur proses. Dikwels kon alleen konings hulle in purper klee. Hierdie ryk man het in weelde geleef, omdat hy graag aan almal wou toon hoe ryk hy was! Hy het graag met sy rykdom gepronk. Maar hy was ook onbarmhartig, ongevoelig en selfsugtig.

Aan die poort van die huis van hierdie ryk man het 'n bedelaar gelê. Hy is elke dag daar neergelê, omdat hy waarskynlik verlam was. Sy naam "Lazarus" is afgelei van die naam "Eleasar" en beteken "God het gehelp". Waarskynlik het Jesus die bedelaar in sy verhaal hierdie naam gegee, om aan te toon dat die bedelaar in al sy ellende op God se hulp vertrou het. Hy kon nie in sy eie behoeftes voorsien nie en het gereëld honger gely. Hy kon nie die swere op sy liggaam versorg nie en daarom het die straathonde sy wonde gelek. Dit was seer of baie irriterend.

Die ryk man moes die arm bedelaar wel elke dag gesien het, want hy het by sy voordeur gelê! Hy het 'n geweldige kans gehad om barmhartigheid te toon en hulp aan te bied. En tog het hy die bedelaar nie die oorblyfsels van sy ete gegee nie. Hy het slegs vir homself geleef!

Die bedelaar en die ryk man ná hul liggaamlike dood. Die bedelaar het eerste gesterf. Daar word niks oor sy begrafenis gesê nie. As daar wel 'n begrafenis was, is hy waarskynlik met 'n kruiwa na 'n gat op 'n onbekende plek gebring en in stilte begrawe. Maar wat daar met sy siel (gees) gebeur het, kry baie aandag in die verhaal van Jesus. Engele (Hebreeërs 1:14) het sy siel (gees, sy onstofflike en onsigbare self) na die skoot van Abraham gebring. "Die skoot van Abraham" is in Hebreeus 'n uitdrukking wat afgelei word wanneer mense by 'n dinee of feestmaal op banke rondom 'n tafel (op hul linkersy) gelê het om te eet. Die plek in jou skoot (aan jou regterkant) was die plek vir die eregas (Lukas 14:7; Johannes 1:18). Die siel van die bedelaar is dus na die hemel by God gebring en kry daar 'n ereplek!

Die ryk man het ook gesterf en is begrawe. Waarskynlik het hy 'n indrukwekkende begrafenis op die aarde gekry. Sy dooie liggaam is versorg, maar wat daar met sy lewende siel na die dood gebeur het, het geen van sy familieleden en vriende geweet nie! Jesus het geopenbaar wat daar na die dood gebeur. Die ryk man het sy oë in "Hades" oopgemaak. Die Griekse woord "Hades" het drie moontlike betekenisse, afhangende van die konteks:

- *die toestand* waarin die siel van die liggaam geskei is (die dood)
- *die plek* waar die gestorwe liggeme van alle mense begrawe word (die graf)
- *die plek* waar die lewende siele van ongelowiges gegooi word (die hel).

Die ryk man het sy oë in die hel oopgemaak, omdat sy siel daar in ang en pyn gefolter is.

Die onomkeerbare bestemming vir die mens. Hoewel die ryk man Abraham en Lasarus (in die verhaal, nie in werklikheid nie) op 'n afstand kon sien en die gesprek tussen Abraham en die ryk man respektvol was (hulle het mekaar as "vader" en "seun" aangespreek), het dit geen verligting in sy lyding gebring nie. Die ryk man het getoon dat sy geaardheid en karakter heeltemal onveranderd gebly het. Hy het Lasarus as 'n slaaf beskou wat hom 'n guns moes bewys al het hy niks gedoen om die leed van Lasarus tydens sy aardse lewe te verlig nie! Hy het Abraham gesmeek om Lasarus na hom te stuur om sy pyn ligter te maak!

Abraham het geweier omdat dit onvanpas en (in werklikheid) onmoontlik was! Ten eerste was dit onvanpas, omdat dit regverdig was dat die ryk man gestraf is vir sy onbarmhartige lewe. Hy het op die aarde die verkeerde prioriteite gehad. Hy het niks nuttigs gedoen teenoor sy medemens nie en hy het God nie verheerlik nie. Ten tweede was dit onmoontlik! Oorsteek van die hemel na die hel is vir ewig onmoontlik! In Israel is daar diep ravyn en Jesus gebruik 'n ravyn as 'n simboliese voorstelling dat dit volkome onmoontlik is om die ewige lot van 'n gestorwe mens te wysig! Die ravyn tussen die hemel en die hel kan nie oorbrug word nie!

De enigste waarskuwing aan die mens. Toe (in die verhaal) het die ryk man by Abraham gepleit om Lasarus as 'n bode na sy broers op die aarde te stuur om hulle te waarsku om nie in die hel tereg te kom nie. Hulle sou hom later kon verwyt vir sy slegte voorbeeld op die aarde! Die ryk man het selfsugtig gebly, want hy het alleen aan sy eie familie en nie aan al die andere mense op die aarde gedink nie!

Abraham het geantwoord dat die mense op die aarde die Wet en die Profete (d.w.s. die Bybel) het om na te luister. Die Ou Testament leer die teengestelde van die lewe van die ryk man. Die Bybel spoor alle mense aan om op God te vertrou, ander mense lief te hê en veral om vir die onbevoorregte mense wat op die aarde verag word, te sorg.

Die ryk man het gesê dat sy familie hulle sou bekeer as iemand uit die dood sou opstaan om hulle te waarsku. Hy was verkeerd, omdat toe Jesus die broer van Maria en Martha (sy naam was ook Lasarus) uit die dood opgewek het, het 'n groot aantal van die mense hulle nie bekeer nie. Intendeel het hulle deelgeneem aan 'n komplot om hierdie Lasarus weer te dood te maak (Johannes 12:10) en was hulle meer dan ooit tevore van plan om Jesus Christus dood te maak (Johannes 11:47-50). Ook nadat Jesus Christus uit die dood opgestaan het, het baie mense geweier om in Hom te glo (Handelinge 4:2; 17:18). Abraham het die ryk man geantwoord dat as sy familie en ander mense nie wil luister na die woorde in die Bybel nie, sou hulle ook nie na die woorde van 'n mens wat vanuit die dood na hulle toe kom, luister nie!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas hoofstukke 15 en 16.

In Lukas 15 het Jesus drie gelykenisse vertel: van die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun. Daarin het Hy mense geleer wat die houding van God is teenoor verlore mense in die wêreld. Dit het hy gedoen in teenstelling tot die houding van die Fariseërs teenoor tollenaars en sondears. In hierdie drie gelykenisse het Jesus die sondige houding teenoor mense aan die lig gebring!

In Lukas 16 het Jesus twee gelykenisse vertel: van die oneerlike bestuurder en die ryk man en die bedelaar Lasarus. In die gelykenis van die oneerlike bestuurder het Jesus die sondige gebruik van materiële besittings aan die lig gebring. En in die gelykenis van die ryk man en die bedelaar Lasarus het Jesus die sondige houding teenoor materiële besittings (geld) en mense aan die lig gebring. Die ryk man wat met sy rykdom gespog het, het geen enkele vriend deur middel van sy rykdom (besittings) gemaak nie (Lukas 16:9). Hy is miskien wel deur mense geëer, maar was verfoeilik in die oë van God (Lukas 16:15). Hy was presies die teenoorgestelde van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:30-37).

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 16:19-31.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis word nie gegee nie.

Die uitleg of toepassing moet uit die verhaal of verband afgelei word.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

(1) Allegorieë. 'n Gelykenis as 'n allegorie uitleë.

'n Voorbeeld van 'n verkeerde uitleg word deur Gregorius die Grote (540-604 n.C.) gegee. Hy het die gelykenis as 'n allegorie uitgelê. Omdat sy uitleg nie uit die verband afgelei kan word nie, moet ons sy uitleg verwerp.

Sy uitleg was as volg: “Die ryk man verteenwoordig die Jode, wat graag 'n uiterlike vertoon van hul godsdiens en vroomheid maak en die wet vir hul eie nuttelose motiewe misbruik. Lasarus met sy swere verteenwoordig die nie-Jode (die heidene) wat hulle skaam om hul sonde te bely. Die hoogmoedige Jode weier om die nie-Jode tot die kennis van die Wet toe te laat. En die honde verteenwoordig die verkondigers wat met hul verkondiging van God se Woord en hul luister na die bieg die siele van mense genees.”

Terwyl die allegoriese uitleg van Gregorius nie aangeneem kan word nie, is daar veel te sê oor sy morele uitleg van hierdie gelykenis. Gregorius het gewaarsku teen die uiterlike vertoon van besittings en het die deug van armoede verheerlik. Hy het sy toehoorders aangespoor om geen kans verby te laat gaan om barmhartigheid te bewys nie. Hy het gesê, “Leer om alle dinge op die aarde te verag; sien neer op alle eerbetoen van mense wat verbykom en soek na die eer wat blywend is. Respekteer alle arm mense wat jy teenkom en as jy sien dat die wêreld hulle negeer, behandel hulle dan as vriende van God. Deel jou rykdom met hulle ... Waarom is jy so traag om te gee ... as alles wat jy aan die armes op die aarde gee, gegee word aan Hom wat in die hemel woon?”

(2) Die details wat nie relevant is nie.

Jesus het aan geen van die volgende details enige essentiële of relevante betekenis gegee nie. Die toestand van gestorwe mense na die dood en die kommunikasie tussen hulle word (in die verhaal) letterlik weergegee om 'n lewendige voorstelling te skep. Maar ons kan hierdie details beter nie letterlik uitleë nie. Byvoorbeeld die volgende in nie letterlik bedoel nie: “Toe die ryk man in die doderyk opkyk en vir Abraham daar in die verte sien en vir Lasarus langs hom” (vers 23) en dat Lasarus die punt van sy vinger in water moet steek om die ryk man se tong af te koel (vers 24). Hierdie details word nie letterlik bedoel nie, maar maak die verhaal van die gelykenis lewendig. Ons moet ook nie konkludeer dat mense in die hel met mense in die hemel kan kommunikeer nie. Dergelike besonderhede bevorder alleen die verhaal, maar verwys nie na spesifieke waarhede/werlikhede nie.

(3) Die details wat relevant is.

Nietemin leer hierdie gelykenis bepaalde waarhede oor wat daar na die dood gebeur, omdat hierdie waarhede ook in ander Bybelgedeeltes geleer word. Die feit dat mense wat gesterf het, nie slaap nie, maar ten volle by hul bewussyn is, is relevant.

Dat bepaalde mense verlos is en in die hemel by God is, terwyl ander in die hel pyn ly, is 'n relevante detail. Dat God sogenaamde kommunikasie van lewende mense met die geeste van gestorwe mense verbied (Deuteronomium 18:9-13) is 'n relevante detail. Dat God kommunikasie van gestorwe geeste met lewende mense op die aarde onmoontlik verklaar (Job 14:21; Prediker 9:5-6; Jesaja 63:16), is 'n relevante detail! God wil dat alle lewende mense na sy woorde in die Bybel luister nie na mediums en spiritiste wat fluister en mompel (Jesaja 8:19-20)!

'n Ryk man wat luuks lewe. Dit is 'n relevante detail. Ryk wees is nie sondig nie, maar om selfsugtig te wees en jou rykdom nie vir ander te gebruik nie, is sondig. Die ryk man is nie veroordeel, omdat hy iets slegs gedoen het nie, maar omdat hy nagelaat het om iets goeds aan sy naaste te doen!

Lasarus word deur engele na die skoot van Abraham gedra. Dit is 'n relevante detail. Abraham verteenwoordig “die vader van alle gelowiges” (Romeine 4:11)! Die feit dat die bedelaar na die skoot van Abraham gebring is, verwys na die feit dat hy in die hemel verwelkom is. Die geeste van die gestorwe Christene is by God in die hemel (Hebreeërs 12:22-23). Die feit dat Jesus die bedelaar die naam “Lasarus” (wat beteken: “God het gehelp”) gegee het, is 'n relevante detail. Dit toon aan dat die bedelaar ten spyte van sy aardse lyding, in God geglo het.

In die hel ly die ryk man vreeslike pyn. Dit is 'n relevante detail. In harmonie met die onderrig in die res van die Bybel, bestaan die hel werklik en verteenwoordig die plek vir die ewige bestemming van mense wat nie in Jesus Christus glo nie en wat ongeregtheid doen.

'n Groot kloof (ravyn) wat niemand kan oorbrug nie. Dit is 'n relevante detail. In ooreenstemming met die onderrig in die res van die Bybel, word die ewige bestemming van mense (hemel of hel) al bepaal terwyl hulle nog op die aarde lewe. Dit word bepaal deur die persoon se geloof in Jesus Christus en deur hoe hy as gelowige op die aarde geleef het. Hierdie bestemming is absoluut onomkeerbaar! Na die liggaamlike dood is daar geen kans meer om vir Jesus Christus te kies nie!

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die ryk man en die bedelaar Lasarus in Lukas 16:19-31 gaan oor “aardse besittings in die koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die gevolge van die leefwyse van 'n mens vóór sy dood op hierdie aarde is onomkeerbaar ná sy dood! Sy ewige bestemming (hemel of hel) word bepaal deur in wie hy glo en wie hy dien in hierdie wêreld vóór sy dood! God hou 'n mens verantwoordelik vir hoe hy optree teenoor veral die mense wat in hierdie wêreld nie bevoorreg is nie en hoe hy omgaan met sy materiële besittings.”

Die deel van jou aardse besittings met die nie-bevoorregte mense is een van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die burgers in God se koninkryk het 'n leefwyse “ooreenkomstig die roeping wat hulle van God ontvang het” (Efesiërs 4:1). Met betrekking tot die materiële besittings roep God Christene om te deel en te gee, barmhartig te wees en te sorg.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Hoe vergelyk wat hierdie Bybelgedeeltes leer met wat hierdie gelykenis leer?

Lees Psalm 119:105; 1 Korintiërs 10:6,11; Efesiërs 4:32 tot 5:2.

Die hele Bybel, sowel die Ou as die Nuwe Testament, toon hoe God wil dat mense lewe. Daar staan baie oor die onderrig en persoonlike voorbeeld van Jesus Christus en hoe Hy wil dat Christene moet lewe. Die ryk man het dit alles geignoreer!

(2) Teorieë oor lewe na die dood. Sien handleiding 5, supplement 2.

C. 'N SAMENVATTING VAN DIE BELANGRIKE ONDERWYSINGS OF LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR AARDSE BESITTINGS IN GOD SE KONINKRYK.

Bespreek. Wat leer Christus oor wat Christene moet weet, glo, wees en doen?

(1) Alle mense moet weet hoe God is.

Een van die belangrike lesse van hierdie gelykenisse is dat die God van die Bybel alle mense verantwoordelik hou vir hoe hulle omgaan met veral die nie-bevoorregte mense in hierdie wêreld en vir hoe hulle hul aardse besittings (geld) gebruik in hierdie wêreld. Die gevolge van hul leefwyse op die aarde vóór die dood is onomkeerbaar ná die dood! Die finale bestemming van 'n mens (hemel of hel) word al bepaal voordat hulle sterf deur in wie hulle glo en hoe hulle Hom dien (Matteus 6:24; 25:34-46).

(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.

Nog 'n belangrike les van hierdie gelykenisse is dat God toon hoe Christene moet lewe. Hulle moet nie net vir hulself leef nie, maar ook vir die God van die Bybel en ander mense. Hulle moet in volledige afhanklikheid van God lewe, veral m.b.t. die ewige lewe en m.b.t. hul aardse besittings. God wil hê dat Christene gevoelig sal bly vir die noodsaaklikhede en behoeftes van die nie-bevoorregte mense in hierdie wêreld en dat hulle barmhartigheid aan hulle sal bewys.

| | | |
|----------|-------------------------|---|
| 5 | GEBED (8 minute) | [REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD |
|----------|-------------------------|---|

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

| | | |
|----------|---------------------------------|--|
| 6 | VOORBEREIDING (2 minute) | [OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS |
|----------|---------------------------------|--|

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer** die gelykenis van “die ryk dwaas” en die gelykenis van “die ryk man en die bedelaar Lasarus” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Jesaja 41, 42, 45 en 46**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. **Memoriserings Herhaal** elke dag die laaste vyf Bybelverse uit Romeine wat jy uit jou hoof geleer het. (11) Romeine 8:1, (12) Romeine 8:38-39, (13) Romeine 10:9-10, (14) Romeine 10:12, (15) Romeine 10:17.
5. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 10:1-21**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. **Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.